# Les 10 KONINGSKINDERS: DIE HERE ROEP MOSES TOT SY DIENS

## 1. Kom ons lees hoe die Here Moses geroep het tot Sy diens!

*“[23] Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israeliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan. [24] God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink. [25] Hy het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem.**3** Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, ’n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het. [2] Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in ’n vlam binne-in ’n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. [3] En Moses sê vir homself: “Ek wil tog ’n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?” [4] Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: “Moses! Moses!” En hy antwoord: “Hier is ek.” [5] Die Here sê toe vir hom: “Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.” [6] Verder sê Hy: “Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.” Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk.[7] Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. [8] Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na ’n goeie en uitgestrekte land, ’n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. [9] Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk. [10] Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”*
Exodus 2 – 3

## 2. Die Here het besluit om Sy kinders te help

Vir goddelose mense is ander mense sommer net slawe. Goddelose mense gebruik ander mense om te kry wat hulle wil hê en om te doen wat hulle wil. Hulle dink nie eers daaraan dat hierdie mense hulle eie lewe, met eie gevoelens, eie ideale en eie wil het nie. Jy moet maar net altyd jou tyd, jou lewe, jou gevoelens, ideale en wil uitlos, sodat hierdie mense met jou kan doen net wat hulle wil. Vir goddelose mens is ander mense sommer niks nie.

Dit gebeur wanneer ’n pa of ma sommer net wil drink en dronk word. Hulle gee niks om oor hoe skaam, bang en eensaam hulle kinders voel nie. Hulle gee ook niks om dat hulle al die geld uitdrink nie. Kinders moet maar net vir Pa of Ma nog bier bring en maak asof hulle lekker saam sit en kuier – al wil hulle nie. Vir sulke ouers is kinders sommer niks – hulle is slawe wat maar net altyd alles moet aanvaar.

Dit is hoe koning Farao die Here se kinders gesien en behandel het – hulle is sommer niks en net goed genoeg om sonder betaling vir hom te werk.

Maar dit is nie hoe die Here Sy kinders sien nie. Kyk na vers 23. Vir die Here is hulle "Israeliete": dit beteken "die kinders van Jakob." Vir die Here is hulle kinders aan wie Hy beloof het dat Hy hulle God is, en altyd sal wees. Hulle is deel van God se belofte om altyd na hulle te kyk – dit is die belofte wat die Here aan hulle voorouers, Abraham, Isak en Jakob, gemaak het – dat die Here hulle kinders altyd sal liefhê en versorg.

En nou besluit God hy gaan 'n einde maak aan hierdie slawerny van Sy kinders. Hy gaan dit stopsit dat koning Farao maak asof Sy kinders sommer niks is nie. Daarom laat die Here eers die sterk Farao Rameses die tweede, doodgaan. Só breek hy die Farao se mag. En terselfdertyd maak die Here dat die nuwe Farao baie moeilikheid kry met ander konings wat sy land binneval – vanaf Libië en vanaf die see, met bote. Nou is sy aandag baie afgetrek van al die bouery wat hy die Israeliete voor gebruik.

**3. Die Here verskyn aan Moses in die brandende doringsbos**

Moses is 'n skaap- en bokwagter vir sy skoonpa, ver wag van Egipte. Is dit wat julle eendag graag wil word? Om jou vrou se pa se bokke en skape in die veld te gaan oppas? Nou hoekom doen Moses sulke werk? Ons moet onthou, hy het 'n baie groot fout gemaak en is 'n voortvlugtende moordenaar, en die Egiptiese polisie is nog die hele tyd op soek na hom. Hy doen maar hierdie nederige werk omdat hy sy hele toekoms as 'n Egiptiese prins weggegooi het met sy grootmeneer-houding.

Die kleinvee se kos het al minder geword. Moses moes al dieper in die veld intrek agter kos aan. Hoe droeër die veld geword het, hoe meer moes Moses in die berge in optrek op soek na kos vir die diere. Hierdie berggebied se naam was Horeb, of Sinai.

En toe gebeur daar 'n baie vreemde ding. Terwyl Moses in die veld rondloop, sien hy 'n doringbos met 'n vuur wat binne-in die bos brand, maar die takke en blare verbrand nie. Die takke en blare bly groen en heel!

Wat sal julle doen as julle so iets sien? Julle sal nuuskierig wees en wil gaan kyk! Dit is presies hoe Moses dink en voel*: "Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie.* 3 *En Moses sê vir homself: ''Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie*?" Exodus 3

Toe hy nader na die bos toe kom, roep die Here na hom uit die brandende doringbos: "Moses, Moses!" Moses weet dadelik wat gebeur! Dit is 'n manier waarop die Here aan hom verskyn. Die Here self praat met Moses. Daarom antwoord hy: "Hier is ek." Dit is die manier waarop 'n mens antwoord as God met

jou praat. Jy stel jouself heeltemal, in eerbied en vertroue, tot beskikking van die Here om te luister en gehoorsaam te wees.

Die Here het Moses nadergetrek met sy nuuskierigheid, maar Moses mag nie sommer so nuuskierig na God toe gaan nie. Hy moet sy nuuskierigheid los en in eerbied en vertroue na God luister. Daarom sê God hy mag nie nog nader aan die bos kom nie. Hy moet weet dit is God wat met Hom wil praat, en daarom mag hy nie maak asof dit sommer net ’n bos is waarnatoe hy maar nuuskierig kan nadergaan nie.

Hy moet ook sy skoene uittrek. Dit is iets wat mense in die Ooste gedoen het as hulle al hulle eienaarsregte prysgegee het. Dit is ’n teken dat Moses aan die Here behoort en moet doen wat die Here vir hom sê.

**4. Die Here wys Moses Hy het van Abraham, Isak en Jakob se familie ’n volk gemaak, net soos Hy beloof het**

Nadat Moses sy skoene uitgetrek het en eerbiedig en vol vertroue wag dat God met hom praat, maak God Homself bekend aan Moses. Hy sê vir Moses: *“Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.”* Toe weet Moses wie praat met hom. Dit is die Here. Dit is die Here wat God is vir sy voorouers. Dit is die Here wat Abraham geroep het om uit sy land weg te trek, na die land wat die Here vir hom sou wys. Dit is die Here wat Josef ’n landbouminister in Egipte gemaak het. Dit is die Here wat Jakob en sy seuns as familie na Egipte toe gebring het toe hulle amper van honger doodgegaan het in Palestina.

Die Here wat vir hulle lief was en hulle as God versorg het, praat nou met Moses. Kyk wat maak Moses! *“Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk”*. Hy is vol ontsag, eerbied en aanbidding. God is nie sy maatjie of sommer net sy vriend nie. Hy is die Here. Hy maak sy gesig toe in aanbidding. Net soos ons ons oë toemaak en ons koppe buig as ons tot God bid. Ons kyk nooit na God wanneer Hy met ons praat, of as ons tot God bid nie.

Kyk wat sê die Here vir hom: *“[7] Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. [8] Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na ’n goeie en uitgestrekte land, ’n land wat oorloop van melk en heuning.”* Exodus 3

Verlede jaar het ons gesien dat die Here Josef gebruik het om Jakob en sy familie van honger te red. Dit is hoekom die Here hulle Egipte toe gebring het. Dit was die enigste plek waar daar nog kos was. Maar die Here het nog ’n ander plan ook gehad. Kyk wat sê die Here: *“Ek het die ellende van **my volk** in Egipte duidelik gesien ...”.* Die Israeliete is nie meer net Jakob se seuns en kleinseuns nie. Hulle is nie maar net een familie nie. Hulle is nou ’n volk. ’n Volk beteken

hulle is baie, baie mense. Hulle is en voel almal hulle hoort saam as een gemeenskap. Hulle het mense wat opgelei is om toesig oor hulle te hou, en hulle het geleer om na toesighouers te luister.

Hoe het dit gebeur? Hoe het ’n familie ’n volk geword? Die Here het Egipte en die Farao gebruik om Jakob se familie ’n volk te maak. Hulle het hier geleer om saam te werk, saam te luister, saam te organiseer. Die Here het Israeliete deur die Farao laat oplei om bestuurders en administrateurs te wees vir ’n volk – net soos hy met Moses gemaak het. Kyk hoe werk God! Die Farao dink hy gebruik sommer nikswerd mense vir wat hý wil doen. Hy dink hulle is sommer niks en niemand nie. Maar God gebruik die Farao om Sy kinders ’n volk te maak wat weet hoe om saam te leef, saam te werk en mekaar te organiseer.

Wat het die Here aan Abraham belowe? Hy het beloof dat hy sy kinders ’n volk sal maak. Hoe? Hulle is dan net skaap- en bokboere wat orals in die veld as families rondtrek! Die Here het hulle Egipte toe gevat sodat die Farao met sy geld en sy slim mense – van Jakob se familie ’n volk kan maak.

Nou is hulle ’n volk en nou gaan God hulle vrymaak van die mishandeling van die Farao!

**5. Die Here roep Moses om Hom te dien**

Die Here roep Moses om Hom te dien: *“[10] Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”* Die Here se roeping is om vir Moses te wys wat hy vir die Here moet doen. Die Here wys hom dat hy na Egipte toe moet teruggaan. Die Here gaan Moses gebruik om Sy kinders vry te maak van die mag die Farao van Egipte. Die Here gaan Moses gebruik om Sy kinders te laat trek na die land wat die Here vir hulle beloof het, in Abraham se tyd al.

Die Here het toe nooit vir Moses weggegooi nie. Net soos hy Sy kinders in Egipte nooit weggegooi het nie. Hulle het gedink die Here het hulle verlaat. Maar die Here was die hele tyd daar, besig om hulle ’n volk te maak. Moses het eensaam en alleen bokke en skape opgepas. Maar hy was óók nooit alleen nie. Die Here het hom geoefen om een van die grootste en belangrikste opdragte wat die Here nog ooit vir iemand gegee het, te kan uitvoer. Hy moes daar in die woestyn oefen om eensaam en alleen op die Here te vertrou.

Die Here kom nou en wys vir Moses hoekom Hy hom as kind so deurmekaar laat grootword het: om twee pa’s en twee ma’s te hê. Dit was sodat hy in die Farao se huis net soos ’n Egiptenaar moes leer leef en dink, al was hy ’n Hebreër. Dit was om al die afgode en mag van die Egiptenare te leer ken. Dit was om te leer om hulle taal te praat. Want só ’n persoon kan met die Egiptenare praat en onderhandel, en terselfdertyd kan hy met die Israeliete praat en onderhandel.

Die Here het hom deurmekaar kinderjare gegee om hom te oefen vir die groot taak wat hy vir Hom moes uitvoer. Die Here het hom eensaam en alleen gemaak om te oefen om ’n leier te wees wat eensaam is as sy eie en ander mense teen hom is, maar sy krag vind in sy vertroue op die Here. Die Here het Moses die opdrag gegee om Sy kerk van hulle onderdrukking te bevry – al het hy ’n moord gepleeg. Die Here was altyd sy Here, net soos Hy dit aan sy voorouers Abraham, Isak en Jakob beloof het.

**6. Die Here oefen ons altyd vir ons roeping**

Dit is hoe die Here ook met ons maak elke dag. Hy kan ons in ’n deurmekaar huis laat grootword soos Moses, Hy kan ons eensaam en alleen laat leef soos Moses, Hy kan ons geld en gemak by ons wegvat soos met Moses, Hy kan dat mense ons behandel asof ons niks en nikswerd is nie, soos met die Israeliete – maar as dit gebeur, is Hy besig om ons te oefen. Hy oefen ons om op Hom te vertrou, sodat Hy ons eendag kan roep tot die diens wat Hy ons voor wil gebruik.

Die Here doen dit – want Hy het beloof Hy sal vir ons lief wees en sorg, ook al doen ons verskriklike sondes. Hy gooi ons nooit weg nie. Hy laat ons nooit ander mense se nikswerd slawe wees nie – al maak hulle ons baie seer. Hy sorg vir ons só dat ons die take waarvoor Hy ons nodig het, vir Hom kan doen.

Ons is altyd die Here, die koning van die hemel en aarde, se kinders. Ons is nooit die base en boelies van hierdie aarde, se nikswerd slawe nie. Al dink hulle hulle is almagtige en goddelike konings, net soos die Farao. Ons is koningkinders. Die Here, die koning van alles en almal, se kinders.

Ons is deel van Sy plan met ons lewe. Ons is nie nikswerd mense in ander mense se planne nie.

**7. Opdrag**

Gaan vra vir Pa en Ma, of enige familielid, wat beteken dit as die Here jou roep? En dan vra jy hulle of hulle ook ’n roeping van die Here het, en wat dink hulle is dit?

**Onthou – roeping is die taak wat die Here jou gee, waarvoor Hy jou van kleins af geoefen het!**

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog